# KAN JY HIERDIE LIED SING?
## 7 Hoogtepunte in die Lied van Exodus 15

### 1. Nou is dit Persoonlik



Ex 15:2 Yah is **my** krag en **my** psalm, en Hy het **my** tot verlossing geword. Hy is **my** El, Hom sal **ek** roem; die Elohiem van **my** vader, Hom sal **ek** verhef.

** Voorheen het die volk van Yahweh gepraat as die Elohiem van ons vaders. Maar nóú, ná Pesag en Ongesuurde Brode, verander die taal na die 1ste persoon. Dis nie meer 'n verhouding gebaseer op hoorsê nie. Dis nou persoonlik. In één vers word "my" en "ek" 7 maal gebruik! Ek is deel van 'n skare mense, maar Hy ken MY persoonlik en ek ken HOM as MY Elohiem!

### 2. Het julle vergeet van Sy Naam?



Ex 15:3 Yahweh is 'n **krygsman**; Yahweh is sy **Naam** (vs Ex 3:15)

** In Exodus 3:15 het Yahweh Sy Naam aan Mosheh openbaar en gesê dis die Naam waarmee Hy genoem moet word van geslag tot geslag. In die omgekeerde teks, Exodus 15:3, as deel van 'n oorwinningslied, word uitbundig gesing oor hierdie Naam. Hy het NAAM gemaak vir Homself onder Israel se vyande en onder Israel en sy vriende mag hierdie NAAM nooit vergeet word nie!

### 3. Regterhand soos Min!



Ex 15:6 o Yahweh, u **regterhand** is voortreflik gemaak deur krag. U **regterhand**, o Yahweh, verpletter die vyand.

** Hoe maklik vergeet ons nie van Yahweh se regterhand – Sy almag en reddingskrag – nie! Dis nie ons eie hand of ons eie krag of strategie of intellek, of selfs ons eie gebede wat ons die oorwinning gegee het nie. Dis daardie Regterhand wat geen gelyke het nie! En aan SY regterhand is die Pesaglam deur wie ons tot alles in staat is!

### 4. Mi Kamoga – Wie is soos U?



Ex 15:11 o Yahweh, **wie is soos U** onder die magtiges? **Wie is soos U**, voortreflik, afgesonder, gedug en een wat wonders doen?

** Die kruks van die hele lied. Om teenoor Yahweh te bely dat daar niemand soos Hy is nie, is om Hom eerste in jou lewe te stel. Geen mens of doktrine of idee of tegnologie of tradisie of organisasie kan op een vlak met Hom gestel word nie. Ons mag Hom op geen manier met iets of iemand anders vervang nie – selfs nie met sy Seun nie!

## 5. Uiteindelik sal die Nasies Bewe!



Ex 15:14-15 Die **volke** het dit gehoor, hulle het gesidder – weë en bewing en verskrikking het hulle almal aangegryp – leiers en inwoners tesame.
** In ons tyd lyk dit of die nasies – leiers, sowel as gewone burgers – tot 'n groot mate die rug op Yahweh gedraai het. Daar is 'n handjievol wat nog erns maak met geloof, maar selfs onder hulle is daar talle wat selektief met die Woord omgaan en die ware vrees vir Yahweh verloor het. Maar die dag kom dat almal se oë sal oopgaan en sal bewe voor die grootheid van Yahweh.

## 6. Is jy dan nie geplant nie?



Ex 15:17 U bring hulle in en **plant** hulle op die bergland van u erfenis, die plek, o Yahweh, wat U as vaste woonplek vir U **berei** het, die afgesonderde plek wat u hande **gestig** het.
** Wanneer Yahweh belowe dat hy sal sy volk sal plant, gaan dit oor begrippe soos herstel, heropbou, in hulle midde woon en vastigheid. Hoe nodig het ons dit nie dat Yahweh ons só sal plant nie! Ons word maklik moeg en van koers af geruk op die pad van geloof. Kom ons hou vas aan dit wat Hy geplant en voorberei en gestig het!

## 7. Koning vir Ewig!



Ex 15:18 Yahweh sal regeer **vir ewig en altyd**.
** Die lied word afgesluit met 'n belydenis, wat ook 'n verbintenis is: Kom ons spreek dit uit: "Ons erken dat U nou regeer en dat U altyd sal regeer, en ons verbind ons daartoe om altyd U heerskappy in ons lewens te erken. Ons maak die keuse om onder die mankolieke en onstabiele heerskappy van Farao uit te beweeg en volledig in U onwankelbare Koninkryk in te beweeg!"

## Kom ons Delf Dieper

1. As jy vandag alleen op die duin van die eerste prentjie moes sit, kan jy met jou vinger wys na 'n onlangse oomblik toe Yahweh vir jou verander het van iemand wat ver of vreemd is, na Iemand wat so naby is dat jy Hom spontaan as jou Vader en Vertroueling aangeroep het?
2. Is daar 'n gebreekte wiel waaraan jy nog steeds krampagtig vasklou, soos in die tweede prentjie, en as daar is, is jy bereid om dit heeltemal in die sand te begrawe, nie halfpad nie, en dan om te draai en jou totale fokus op Yahweh te plaas?
3. Voel jy geplant, stabiel en groeiend in jou geloof, soos in die vierde en sesde prentjies, of het jy só verval in 'n patroon van aanhou weg draai van volle "commitment" dat jy effektief nog nooit opgehou het met jou omswerwinge deur die woestyn nie?